

3 Julie

Skrifgedeelte: Amos 7:1-8:14

Fokusgedeelte: Amos 7:1-8:14

God gebruik "gewone" mense

Amos het met wildevye en kleinvee in die suidelike ryk Juda geboer. God het hom geroep om in die "vreemde", die noordelike ryk Israel as profeet op te tree. Dit was 'n moeilike opdrag, want hy moes as "vreemdeling" teen die godsdiensstige leiers en gevestigde godsdiensstige praktyke profeteer. Die Ou-Testamentiese kerk in Israel het reeds so vervalle geraak dat die godsdiensstige leiers nie meer raakgesien het dat hulle God nie meer dien nie. God se teregwysings deur die mond van Amos is nie geduld nie.

In sy genade het God 'n "gewone" mens gebruik om Israel tot besinning te roep. Amos het sy eie tekortkominge besef: hy was 'n vreemdeling en ook nie teologies opgelei soos die priester Amasia nie. Ten spyte daarvan het hy as profeet opgetree omdat God hom geroep het.

Elke Christen het die roeping om profeet te wees – ongeag sy herkoms, beroep of opleiding. Prakties beteken dit dat elke gelowige sy geloof moet uitleef: in die huis, maar ook by die werk en wanneer jy ontspan. Elke gelowige het ook die roeping om toe te sien dat die kerk nog waarlik kerk is. Dit is nie altyd maklik nie, want om op alle terreine van die lewe aan God gehoorsaam te wees, kan jou in stryd bring met mense en hul gevestigde, verkeerde gebruik. God verwag egter van ons om as profete op te tree, want ons het deel aan Jesus Christus se salwing as Profeet. Daarom doen ons dit ook in gehoorsaamheid aan God.

Sing: Psalm 145:1,4,12

Ds EJ de Beer (Laeveld)